DESTINATION RSA (PTY) LTD

VOLUME 1 UITGAWE 2

# PUMBA TOERE NUUSBRIEF

MEI 2008

## IN DIE UITGAWE

TERUGVOERING OOR DIE PAS AFGELOPE EUROPESE TOER

TEMBE MASIZWANE LODGE

WESKUS FYNBOS

NUUS UIT DIE DRAKENSBERGE EN LESOTHO

LIMPOPO VOËLKYKERS TOER

PRYS VERHOGINGS

BEMARKING & DIE ERVARINGS VAN SOMMIGE KLIENTE

## IETS OM NA UIT TE SIEN

**Spesiale korting**

**Nuwe Toere**

**Nog n Europese toer vir 2008**

**Nuwe Buitelandse Toer vir 2009 in volgende uitgawe**

## EUROPESE TOER

Ons het met groot opgewondenheid op 1 Mei 2008 in die stad Wenen aangekom. Die weer was ongelooflik lekker warm en wind stil en almal het gewonder hoe lank die weer sou hou. Groot was ons verbasing toe ons elke dag met hierdie wind stil warm dae kon begin en afsluit. Die Sneeu was nog dik op die Alpe, die veld helder groen, die veld blomme en tulpe op hulle hoogtepunt en die kersie, appel en peer bome was almal vol bloeisels. Die was werklik prentjie mooi. Die toergroep van 21 was met uitsondering van 4, almal ou kliënte en almal het baie gou vriende geword. Vir my was Bavaria, die Alpe, die Swartwoud en die groot mere baie besonders en ook dat ons hoofsaaklik in klein dorpies oornag het. Ons het lanklaas so lekker gekuier, gelag en ontspan en ek gaan beslis hierdie toer elke jaar vanaf 1-13 Mei aanbied met n tweede toer gedurende die tweede helfte van Mei. Kom sluit by ons aan , dit maak nou nie saak of jy Europa nou al plat gereis het nie.

*Hannes du Preez*

*Sien n paar kliente se ervarings van hierdie toer op bladsy 4*

**AL DIE FOTOS IN HIERDIE NUUSBRIEF WAS GENEEM OM DIE AFGELOPE EUROPESE TOER**

## Tembe Masizwane Lodge

Die ontbossing van die toegangspad na die terrein waar die Lodge gebou gaan word is nou voltooi. Die parkeer area is ook voltooi en ons span werkers is tans besig met die oop kap van die oos, suid en wes grense van die terrein. Hierna volg die omheining van die terrein en die selektiewe uitneem van die plantegroei waar die lodge gebou gaan word. Hierdie proses behoort ons tot middel Junie te neem waarna ons met die oprigting kan begin. Ons is al baie opgewonde oor hierdie Lodge en ek glo dat van ons ou kliënte wat al saam met ons by Tembe gekuier het, gaan brand van nuuskierigheid om hierdie Lodge te sien en om daar te oornag. Vir die van ons vriende wat toegang tot die internet gaan ons in die volgende uitgawe die web blad besonderhede deurgee sodat julle daar kan gaan kyk vir n voorskou van hoe die lodge gaan lyk. Ons behoort teen Oktober 2008 oop te wees vir besigheid maar gaan alreeds van Augustus maand af besprekings neem.

## Nuus oor die Weskus Fynbos

Ons het hierdie jaar voortgebou op verlede jaar se Weskus fynbos toer wat net oor 4 dae gestrek het en bied hierdie jaar die toer oor n periode van 8 dae aan. ***Vanaf 27 Augustus tot 4 September 2008.***

Ons het verlede jaar oor n tydperk van 4 dae, 87 spesies fynbos geïdentifiseer en gefotografeer en op CD aan ons kliënte beskikbaar gestel. Alhoewel dit n baie goeie seisoen was het ons ongelukkig baie reën gehad tydens die toer wat natuurlik meegebring het dat ons minder gesien het as wat verwag was. Dit is nog te vroeg om voorspellings vir hierdie seisoen te waag.

Ons gaan baie kortliks met die nuwe reisplan een volle dag by die Weskus natuur reservaat deurbring, Vol dag by Hopefield Fynbos skou, vol dag op die kusroete vanaf Velddrif tot by Lambertsbaai, vandaar oor Nieuwoudtville tot by Calvinia na n plaas met uitsonderlike blomme elke seisoen. Dan gaan ons na Clanwilliam en eindig die toer by Wellington waar ons darem ook n smakie kan kry van waaroor die wynbedryf nou eindelik gaan.

*Ons beplan om vir elke kliënt wat hierdie toer mee maak n kopie van John Manning se nuwe boek oor fynbos te gee.* Dit is n baie besonderse boek en seker een van die beste boeke oor fynbos. Ons doel daarmee is om almal betrokke te kry met die identifisering van die fynbos en ander blomme wat ons gaan sien. Daar is soveel mense wat van blomme toere terug kom en oorloop van opgewondenheid oor die baie blomme wat hulle gesien het maar eintlik nie een spesie se naam kan noem nie. Ons daar in teen, wil graag mense huis toe stuur met n goeie boek waarin hulle die blomme kon afgemerk wat hulle gesien het tydens die toer en dan volg ons dit ook op met twee CD's met die foto's van elke blom spesie wat gesien is en ook n pragtige DVD van die hele toer. *Ek neem ook n professionele fotograaf saam wat die toer op video band gaan vaslê vir Bemarkings doeleindes. Kom en deel hierdie ervaring saam met ons.*

***Hierdie is beslis nie net nog n blomme toer nie maar n besonderse geleentheid om na blomme te gaan kyk, te weet wat jy gesien het, en vir jou vriende met goeie kwaliteit foto's te wys wat jy gesien het.***

**Ons volgende Europese Toer vertrek op 30 Setember tot 13 Oktober 08**

**Moet dit nie misloop nie !!**

## Nuus vanuit die Drakensberg

Die blom seisoen begin laat in Oktober hierdie jaar en behoort gedurende Januarie 2009 n hoogtepunt bereik. Van die 2520 angiosperme, beter bekend as blomplante wat in die Drakensberg voorkom, behoort ons vanaf Oktober so ongeveer 200 tot 250 spesies per maand te sien. Die topografiese verskeidenheid wat te weeg gebring is toe die Drakensberge oor miljoene jare deur die natuur self gevorm is, is duidelik sigbaar in die diep klowe, groot verskeidenheid grond tipes, water bronne en beskutte valleie in die berg. Gevolglik is die blomme, plante en bome wat in hierdie unieke habitate voorkom, werklik iets besonders.

Kom saam en ervaar die betowering van die Drakensberg en die Lesotho hoogland saam met ons.

## Limpopo Voëlkykers Toer

Hierdie toer is absoluut uniek, en binne die bestek van 12 dae besoek ons van die top voëlkyk en natuur bestemmings in Suid Afrika, insluitende die legendariese Nylsvlei natuur reservaat, die Polokwane (Pietersburg) natuur reservaat, die misterieuse Mapungubwe Nasionale Park, die fantastiese noordelike gedeeltes van die Kruger Nasionale Wildtuin (Pafuri strook tot by Punda Maria), en dan ook Venda en Magoebaskloof omgewing voordat ons terugkeer na Johannesburg. Die toer is beperk tot ‘n maksimum van 8 mense per toer, en is by uitstek ‘n toer vir natuur fynproewers!

**Toer datums : 10-21 November 08 / 19-30 Januarie 09 / 9-20 Maart 09**

## *Prys verhoging*

Dit wil vir my lyk asof prysverhogings, soos die dood, ook nou n werklikheid in ons lewens geraak het. Een of ander tyd gaan dit jou tref en niemand spring dit vry nie. Ons het die afgelope 5 verhogings in die brandstof prys probeer adsorbeer maar dit het baie duidelik geword dat ons nie meer die pyp gaan rook nie en sal noodgedwonge ook nou moet kyk na n verhoging van ons toer pryse. Die verskil is dat ons nie net deurgaans die prys met n persentasie gaan opsit nie, maar dat ons elke toer weer gaan her bereken. Sien die lys van toere en toer datums hierby aangeheg vir die nuwe pryse.

## ANDER NUUS

### Bemarking

Ons het in die verlede al ons bemarking op RSG se Bon Voyage program gedoen maar het die afgelope jaar ook begin met direkte bemarking sodat ons meer mense kan bereik.

Ons sal baie graag in jou omgewing wil uitkom om ons toer produkte op groot skerm bekend te kom stel. Dit neem gewoonlik die vorm aan van n video vertoning gevolg deur tee & koffie en ligte verversings.

Dit gee alle belangstellendes die geleentheid om n voorskou te kry van hoe ons toere lyk en wat dit bied en ook om daarna vrae te kan vra.

Ons beplan gedurende Junie vertonings in Stellenbosch, Kleinmond en in Newcastle.

Kontak ons kantoor vir meer besonderhede oor die bo vermelde vertonings of reël met ons vir n vertoning in jou omgewing. Ons sal alles in ons vermoë doen om by julle uit te kom.

## TERUGVOERING VAN ONS KLIENTE– EUROPESE TOER

*Die etes was uit die boeke in die hotelle en die feit dat ons ook ons "eie" tyd gehad het, veral vir my wat in die Alpe die een aand kon instap, was fantasties. Die landskappe, natuurskoon, daar waar 'n mens nog naby aan jou Skepper kan leef, was vir my seker die hoogtepunte gewees. Die mense wat soms in eenvoud leef, maar tog hulself gee om hul land/dorp skoon te hou en uitgaan om al is ons toeriste dit die moeite werd te maak.*

***Ida van der Burgh***

*Weereens het Destinations RSA bewys hulle KAN interessante toere organiseer. Die roete wat Hannes gekies het was vir my ideaal. Die kort besoeke aan die stede Wenen , München en Zürich het ons 'n goeie idee gegee van die stadslewe in Europa. Maar die groen landskap met woude, mere, groot riviere, landerye, appelboorde en daardie wingerde teen die steil hange langs die Moselle rivier was iets besonders. Die tuine met Tulpe, Gesiggies, Rhododendrons, Lilae en veel meer was 'n fees vir die oog.*

***Hettie Smit***

*Om die skoonheid van die natuur so wel as die skoon stede en dorpe te kon ervaar sonder dat ons daarvoor moes betaal was besonders. Ons het onwillekeurig vergelykings getref toe ons geen ongelukke gesien het of gereed toeters gehoor het nie.*

**Ons het nog plek op ons Hart van Zoeloeland toer van Julie, Augustus & September vir jou beste natuur lewe ervaring !!**

## NOG TERUGVOERING

Vanaf die eerste dag in Vienna waar ons die asemrowende tuine van die Belvedere en Schoenbrunn kastele besoek het tot en met die laaste dag waar kasteel op kasteel op die heuwels oor die Rhein rivier uittroon, was hierdie toer 'n fantastiese belewenis!

Elke liewe dag was 'n belewenis, veral die gevoel van die Barok tydperk tydens ons besoek aan die Melk Abbey. Die Abbey word nog steeds as 'n klooster sowel as 'n skool gebruik en wat 'n ervaring... 'n Ander persoonlike hoogtepunt was natuurlik Salzburg – ek kan nou nog nie glo dat ek Salzburg met my eie oë gesien het nie!!!

Die Duitse platteland is absoluut verfrissend met die Alpe wat die heeltyd in die agtergrond is en, asof die Alpe nie genoeg is nie, was daar ook nog die Swartwoud om mee rekening te hou. Hou maar gerus die kameras reg....daar is kastele en mere en dorpies en kerke, tradisioneel versierde huise en nog baie, baie meer. Soos ons gery het het ons Susanne ons gids, die dorp-name uitgeroep en mens kan nie anders as om 'n bietjie jaloers te voel oor die tipe lewe hierdie gemeenskappe het nie.

Ons besoek aan Colmar (Frankryk) was ook veral interessant aangesien hierdie dorpie die verwoesting van die 2de Wêreld oorlog heeltemal vrygespring het! Daar was dus geen skade aan enige van die pragtige geboue daar nie! Deel van die Frankryk toer het ook die klein dorpie Alsass ingesluit. Wees op die uitkyk vir die Ooievare!!! Ek onthou ek het eenkeer iemand hoor sê: "*Every man has two countries, his own and France*." Ek dink wie dit ookal gesê het was reg, want Frankryk was betowerend.

Die laaste deel van die toer het onder andere 'n bootvaart op die Rhein rivier ingesluit. Wees op die uitkyk uit vir die Lorelei standbeeld! Hierdie was 'n besondere toer deur lande wat al my verwagtinge oorskry het. Ek het absoluut niks gesien of ervaar wat alledaags of oninteressant was nie. Dankie tog vir die poskaarte wat ek tydens elke stop of besoek aan 'n besienswaardigheid gekoop het want noudat ek dit gesien en beleef het, kan ek nie wag om weer te gaan toer nie!!!

Baie dankie ook aan Matthias, ons baie bekwame bus-bestuurder tydens die toer, Susanna ons gids en so ook Hannes en al sy mense wat hierdie toer aanmekaar gesit het. Ek weet nou dat die mooiste en beste plekke in die wêreld nie aangeraak kan word nie, jy moet dit met jou hart voel.

**Moet nie die Herfs weergawe van ons Europese toer misloop nie !!**

**1-13 Oktober 2008**

## NUWE PRODUK— DIE REËNWOUDE VAN KZN

Ons werk baie hard om die nuwe toer van die reënwoude van KwaZulu Natal te voltooi. Die reisplan is klaar maar ons is nog besig om die verblyf by die verskillende woude te finaliseer. Ons behoort teen einde Junie klaar te wees daarmee.

Eerste toer sal wees op 22 tot 31 Oktober 2008 en daarna op 12 tot 20 Maart 2009 plaasvind

**Ons is op die webblad**

**Www.destinationrsa.co.za**

## DESTINATION RSA (PTY) LTD


Destination RSA (Pty) Ltd t/a Pumba Tours
6 Grunter Gully
Meerensee
Richards Bay
3901

**Tel. 035- 753 3677**

**Faks.035- 753 5875**

**Hannes du Preez— 083 469 1181**

**Hayden Elliott— 083 417 1341**

**Mariette Elliott— 083 417 1340**

**Liza van Dalen— 083 417 0940**

hannes@destinationrsa.co.za
pumbatrs@iafrica.com
www.destinationrsa.co.za


## BESTAANDE TOERE

ONS BESTAANDE TOERE GAAN VOORT EN ONS IS BAIE DANKBAAR VIR DIE ONDERSTEUNING. ONS PROBEER OM OOK PROGRESSIEF ELKE JAAR VERANDERINGS AAN DIE REISPLANNE AAN TE BRING SODAT ONS ALTYD DIE BESTE UIT DIE OMGEWING KAN HAAL EN DIT UIT TE SKAKEL WAT DIE GOEIE VLOEI VAN N TOER NEGATIEF BEÏNVLOED. KONTAK ONS VIR MEER INLIGTING OOR EEN OF MEER VAN ONS PUIK TOERE

**HART VAN ZOELOELAND**

**BETOWERING VAN DIE DRAKENSBERGE**

**LAND VAN HERINNERING**

**BESTE VAN DIE TUIN ROETE & WES KAAP**

**WESKUS FYNBOS**

**KZN VOËL TOER**

**LIMPOPO VOËLKYKERS TOER**

**EUROPESE TOER**

**REËNWOUDE VAN KWAZULU-**